higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T1790(**A**)(J31)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

HOUTWERKERSTEORIE N1

(11022171)

31 Julie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
HOUTWERKERSTEORIE N1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Tekeninge moet groot, netjies en in die regte verhouding wees.
5. AL die tekeninge moet volledig van byskrifte voorsien word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: INLEIDING TOT DIE BOUBEDRYF EN PRODUKTIWITEIT

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die doel van die Nasionale Bouregulasies is om te verseker dat die minimum standaarde vir die terrein nagekom word.

1.1.2 Die hoofoogmerk van die Nasionale Huisbouersregistrasieraad (NHBRR) is om die belange van die huiseienaar te beskerm en om die bouer teen onredelike kliënte te beskerm.

1.1.3 Die afkorting IRSA staan vir Ingenieursraad van Suid-Afrika.

1.1.4 Die hoofoogmerk van die Meesterbouersvereniging (MBV) is om sy lede se reputasie te verdedig en om te verseker dat lede hoë standaarde handhaaf.

1.1.5 Die Konstruksiebedryfontwikkelingsraad (KBOR) is in die lewe geroep om kontrakteurs en konstruksieprojekte te registreer.

(5 × 1) (5)

1.2 Noem SES verskillende ambagte in die boubedryf. (6)

1.3 Omskryf die term *boubedryf*. (4)

[15]

VRAAG 2: VEILIGHEID EN HUISHOUDING

2.1 Gee EEN funksie van elk van die volgende veiligheidstoerusting:

2.1.1 Volledige respirator

2.1.2 Oorproppe of -kussings (mowwe)

2.1.3 Veiligheidstewels

2.1.4 Skermbril

2.1.5 Voorskote

(5 × 1) (5)

2.2 Noem VYF aktiwiteite wat uitgevoer moet word wanneer 'n werker in 'n ongeluk op die terrein beseer is. (5)

2.3 Noem VYF algemene pligte van konstruksiewerkers met betrekking tot gesondheid en veiligheid. (5)

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: HOUT, HOUTPRODUKTE, METAAL EN GLAS

3.1 Noem TWEE metodes wat gebruik kan word om hout droog te maak. (2)

3.2 Noem TWEE redes waarom hout eerder met organies oplosbare middels as met kreosoot gepreserveer/verduursaam moet word. (2)

3.3 Noem DRIE metodes vir die verduursaming van hout. (3)

3.4 Noem VIER voordele van hardehout. (4)

3.5 Teken deursneeaansigte van elk van die volgende defekte in hout.

3.5.1 Sterbars ('Star shake')

3.5.2 Ringbars ('Cup or ring shake')

3.5.3 Kernbars/hartbars ('Heart shake')

(3 × 3) (9)

[20]

VRAAG 4: GEREEDSKAP EN MASJIENE

4.1 Noem EEN gebruik vir elk van die volgende gereedskap:

4.1.1 Winkelhaak

4.1.2 Voumeetstok


4.1.3 Merkmes

(3 × 1) (3)

4.2 Noem VYF veiligheidsmaatreëls wat nagekom moet word wanneer jy met ’n skroewedraaier werk. (5)

4.3 FIGUUR 1 hier onder is 'n handboor/wielomslag wat in die bedryf gebruik word.

Identifiseer die genommerde onderdele deur die antwoord langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.7) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. (7 × 1) (7)



FIGUUR 1

[15]

VRAAG 5: FIKSEERMIDDELS/HEGMIDDELS, GOM EN PASSTUKKE

5.1 Noem EEN nadeel van polivinielasetaat. (1)

5.2 Noem EEN gebruik vir elk van die volgende soorte gom:

5.2.1 Plantgom

5.2.2 Harssement

5.2.3 Latekssement

(3 × 1) (3)

5.3 Verduidelik die verskil tussen die volgende skroewe:

5.3.1 Versink-/platkopskroewe

5.3.2 Verhewekopskroef

5.3.3 Spieëlskroewe

(3 × 1) (3)

5.4 FIGUUR 2 hier onder dui verskeie items aan wat deur skrynwerkers gebruik word.

Identifiseer die items deur die antwoord langs die vraagnommer (5.4.1–5.4.8) in die ANTWOORDBOEK te skryf. (8 × 1) (8)

 5.4.1	 5.4.2
 5.4.3	 5.4.4
 5.4.5	 5.4.6
 5.4.7	 5.4.8

FIGUUR 2

[15]

VRAAG 6: LASTE

6.1 Noem EEN voordeel van ’n getapte voeg. (1)

6.2 Waar word verstekvoeë meestal gebruik? (2 × 1) (2)

6.3 Noem VIER tipes halfhoutsvoeë. (4)

6.4 Verduidelik kortliks wat met ’n *blinde voeg* bedoel word. (3)

[10]

VRAAG 7: BOUVERWANTE BEREKENINGS

7.1 Die tabel hier onder dui take aan wat deur verskillende ambagsmanne uitgevoer word.

Bereken elke ambagsman se koste en totale koste vir die afgehandelde werk en skryf die bedrag langs die vraagnommer (7.1–7.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

AMBAGSMANNE	TOTALE URE	TARIEF PER UUR	AMBAGS MAN-KOSTE	MATERIAAL KOSTE	TOTALE KOSTE
Teël	5 uur	R70,20	7.1	R 529,30	7.6
Messelaar	50 uur	R25,66	7.2	R1200,60	7.7
Pleisteraar	10 uur	R82,10	7.3	R 699,80	7.8
Dakdekker	36 uur	R33,80	7.4	R 937,25	7.9
Verwer	3 uur	R90,30	7.5	R 436,78	7.10

[10]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou